- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Preke
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Potgooi van preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Bekendstellingsvideo
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boeke te koop
- Aanlynwinkel
- Registreer vir epos
- Search

# Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 11

> *Satan self doen hom voor as 'n engel van die lig. Daarom is dit ook nie snaaks dat sy dienaars hulle voordoen as mense*

*wat die wil van God doen nie. (vers 14-15)*

Deesdae is daar teoloë wat 'n saak daarvoor probeer uitmaak dat Satan nie 'n persoon is nie, maar slegs 'n boosheid. Maar hulle lees hulle Bybel maar sleg. Satan is 'n sluwe, slinkse verleier wat baie maskers dra.
In die tyd van die wrede vervolging van die kerk het hy soos 'n brullende leeu rondgeloop op soek na iemand om te verslind (1 Pet 5:8). Deur vrees in te boesem, probeer hy om mense afvallig te maak. Maar sy taktiek is nie altyd vreesaanjaend nie. Soms tree hy soos 'n engel van die lig op. Dit het hy ook gedoen toe hy Jesus probeer verlei het (Matt 4:1-11). Hy het selfs uit die Bybel aangehaal om sy praatjies vroom te laat klink.
Dis in dié gedaante dat hy in die Korinte-gemeente gewerk het. En ongelukkig volg sy dienaars dieselfde taktiek. Ek steek my nek nou ver uit, maar die teoloë wat Satan as bloot 'n boosheid afmaak, tree vir my alte veel op soos Satan self, wat deur mooipraatjies mense paai en verlei.
Wyk, Satan!

## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief [Kies 'n maand ▼]

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026